



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement  
Western Cape Provincial Parliament  
IPalamente yePhondo IeNtshona Koloni

**SAKE VAN OPENBARE OF  
DRINGENDE OPENBARE BELANG**

**FEITEBLAD 13**

HERSIENING 1, 11 JULIE 2016

Debatte oor sake van openbare of dringende openbare belang (algemeen “blitsdebatte” genoem) word in die staande reëls hanteer.

Die staande reëls oor sake van openbare of dringende openbare belang gee aan Lede die geleentheid om die Speaker skriftelik te versoek om sake te bespreek wat na hul mening van openbare belang is. Sodanige sake moet aktueel van aard wees en onlangs plaasgevind het.

Wanneer die Speaker ooreenkomstig hierdie reëls moet besluit om 'n versoek om 'n debat toe te staan, moet hy/sy die volgende riglyne in ag neem:

- Die *sub judice*-reël is van toepassing;
- Die versoek moet oor 'n saak handel waarvoor die provinsiale regering verantwoordelik gehou kan word;
- Die versoek sal nie toegestaan word as die saak op enige ander manier in die nabye toekoms hanteer kan word nie;
- Die onderwerp van die versoek moet met 'n spesifieke saak wat onlangs voorgekom het, verband hou en nie oor die algemene stand van sake of oor 'n beleidsaspek handel nie;
- Die saak moet by die eerste moontlike geleentheid geopper word;
- Die versoek moet nie oor meer as een saak handel nie; en
- Die versoek om sodanige debat moet goed gemotiveerd wees.

Sake wat buite die bogenoemd riglyne val, kan hanteer word by wyse van 'n mosie wat op die normale manier deur middel van 'n oorlegplegingsproses op die program vir debattering geplaas word. In hierdie geval word die Speaker se bemiddeling om 'n debat in die Huis te reël nie vereis nie.